# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE - 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 60** **TYD: 1 ½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIPSTOETSE** | **(20)** |
| **AFDELING B:** | **TAALWERK** | **(40)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

## <u>AFDELING A</u> : <u>BEGRIPSTOETSE</u>

Lees deur die volgende **TWEE ARTIKELS** en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**VRAAG 1: Tydskrifartikel**

TEKS A

### <u>HOE UNIEK IS JOU OOG- EN HAARKLEUR?</u>

Alle ouers dink hulle kind is uniek, maar dit is onwaarskynlik [*unlikely]* dat jy die seldsaamste [*rare]* oog- en haarkleur kombinasie ter wêreld het.

Groen oë is ongewoon, maar het jy geweet dat mense met blou oë almal verwant *[related]* is? Blonde hare in ongelukkig nie 'n teken van seldsame genetika nie.

Mense met rooi hare en blou oë is die seldsaamste oog- en haarkleur kombinasie. Natuurlike rooi hare kom net tussen 1% en 2% in die menslike bevolking voor, terwyl net sowat 17% van mense blou oë het.

Hier is nog interessante feite oor mense met rooi hare:

- Mense met rooi hare moet meer narkose tydens operasies kry. Volgens *according to]* 'n studie in 2004 is daar bevind dat vroulike pasiënte met rooi hare 20%-30% meer narkose nodig het as ander vroue.
- Mense met rooi hare is meer sensitief vir koue en hitte as ander mense.
- 'n Studie in 2006 het gevind, mense met rooi hare kry makliker kneusplekke op hulle liggaam as hulle beserings kry.
- Mense met rooi hare het 'n groter waaarskynlikheid om linkshandig te wees.

(Internet: Voorkoms, Vreemd)

**VRAE:**

1.1 Hoe voel die meeste ouers oor hulle kinders?
Skryf net **EEN** woord as antwoord neer. [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

"Groen oë is ongewoon" beteken dat

A. baie mense in die wêreld groen oë het.
B. nie baie mense in die wêreld groen oë het nie.
C. groen oë goeie visie het.
D. mense nie eintlik van groen oë hou nie. [1]

1.3 Watter oog- en haarkleur kom die minste in die wêreld voor?
Haal 'n **SIN** as antwoord aan. [1]

1.4 Kies uit **KOLOM B** die inligting wat by **KOLOM A** pas.
Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 20%-30% | A. Rooikoppe |
| 1.4.2 Mense met rooi hare | B. Mense met rooi hare kneus maklik |
| 1.4.3 Studie in 2006 | C. Blonde hare kom seldsaam voor. |
| 1.4.4 Geneig om meer met linkerhand dinge te doen. | D. Kry gouer koud en warm. |
| | E. Vroue met rooi hare moet soms meer narkose kry. |

[4]
**[7]**

## EN

TEKS B

**<u>VROU GERED WAT SELFOON UIT TOILET WOU HAAL</u>**



Twee van die brandbestryders, Rubal en Torres, wat die vrou gered het (Foto: Brinnon-brandweer/Facebook)

'n Vrou moes deur brandbestryders gered word ná sy in 'n puttoilet geval het. Sy wou 'n selfoon uithaal wat per ongeluk ingeval het.

Die vrou, wie se naam nie bekend gemaak is nie, was by *Mount Walker* in die *Olympi*-nasionale park naby Washington in Amerika, toe die voorval *[incident*] naby 'n parkeer area gebeur het. Sy het haar selfoon in haar hand gehad toe dit skielik in die puttoilet geval het.

Tim Manly, hoof van die Brinnon-brandweer, het gesê die vrou, in haar 40's, het die toiletsitplek afgehaal en haar hond se leiband *[lead]* gebruik om die selfoon uit te probeer haal. Toe dit nie werk nie, het sy die leiband gebruik om haarself aan die toilet vas te maak om by die selfoon te kom.

"Dit het nie gewerk nie en sy het kop eerste in die toilet geval," het Manly gesê. Sy het 10-15 minute self probeer om uit te klim, maar het dit nie reggekry nie.

Gelukkig het sy darem haar selfoon gekry en het toe die noodnommer gebel om haar te kom help.

Brandbestryders het vir haar blokke aangegee om op te staan totdat sy 'n harnas kon bereik waarmee hulle haar uit die puttoilet kon trek. Sy was gelukkig nie beseer nie.

Die vrou is afgespoel en "aangemoedig *[encouraged]* om mediese behandeling te kry aangesien sy aan kieme blootgestel is", maar sy wou net huis toe gaan.

1.5 Waarom het die vrou in die puttoilet geval?
Haal 'n **SIN** as antwoord aan. [1]

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wat kan heel moontlik die rede wees dat die vrou naamloos wil bly?

A. Sy is skaam oor wat met haar gebeur het.
B. Sy is bang iemand wil haar selfoon hê.
C. Sy wil later haar naam bekend maak.
D. Haar hondjie is dood. [1]

1.7 In watter land het hiérdie insident plaasgevind?
Antwoord deur **EEN** woord neer te skryf. [1]

1.8 **Tim Manly werk vir die *Olympi*-nasionale park.**

Bogenoemde stelling is **ONWAAR**.
Motiveer jou antwoord deur **VIER** opeenvolgende woorde aan te haal. [1]

1.9 Wie/Wat was saam met die vrou in die park?
Haal **EEN** woord as antwoord aan. [1]

1.10 Die vrou se eerste plan was om die selfoon met die leiband uit te haal.
Wat was die vrou se tweede plan? [1]

1.11 Weet ons **presies** hoe oud dié vrou wat in die puttoilet geval het, is? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. [1]

1.12 Kies uit **KOLOM B** die inligting wat by die woord in **KOLOM A** pas. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 Torres | A. Daarmee uit die toilet getrek. |
| 1.12.2 Harnas | B Aanbeveel om hospitaal toe te gaan. |
| 1.12.3 Onsuksesvol | C. Die leiband was die vrou se redding. |
| 1.12.4 Kieme | D. Die vrou het self probeer uitklim. |
| | E. ‘n Brandbestryder. |

[4]

1.13 Hoe wéét ons dat die vrou wel haar selfoon in die toilet gekry het? [2]

**[13]**

## TOTAAL AFDELING A: 20 PUNTE

## AFDELING B: TAALWERK

Beantwoord al die vrae.

**VRAAG 1**: **SINSTRUKTURE**




1.1 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte **WOORDORDE**.

1.1.1 Die man [ elke Maandag , by die hoektafel , sit , in die Milky Lane]
1.1.2 Die meisies [ die boodskappe , buite die winkel , het , gelees]
1.1.3 Die polisie [ die pedofiel , sal , vang , in die straat] [3]

1.2 Skryf die volgende sinne oor in die **VERLEDE TYD.**

1.2.1 Die man sit by die tafel met 'n pers blom.
1.2.2 Dit is gevaarlik op sosiale media.
1.2.3 Die man het 'n lelike glimlag om sy mond.
1.2.4 Die kelner moet die meisies waarsku.
1.2.5 Nelda staan en tik op die selfoon. [5]

1.3 Skryf die volgende sinne oor in die **TOEKOMENDE TYD**.

1.3.1 Esmarie kyk geskok na die ou man.
1.3.2 Nelda se ma het 'n verjaarsdagpartytjie.
1.3.3 Daar is baie ou mans in die restaurant.
1.3.4 Die ou man wag vir 'n mooi meisie. [4]



shutterstock.com · 207188077

1.4 Skryf die volgende sinne oor in die **ONTKENNING.**

1.4.1 Okkert hou 'n krieketkolf in sy hande.
1.4.2 Die toeskouers sit êrens op die pawiljoen.
1.4.3 Die balkie is nog op die paaltjies.
1.4.4 Daar is baie veldwagters op die veld.
1.4.5 Okkert senior het al gery. [5]

1.5 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** in hakies. Skryf die sinne weer oor.

1.5.1 Okkert speel graag krieket. Dit is sy pa se droom. [want]
1.5.2 Okkert sien die geskenk in die hoek. Hy maak dit gou oop. [daarna]
1.5.3 Bienkie het na die wedstryd gekyk. Sy hou van Okkert. [omdat]
1.5.4 Okkert senior het nie 'n krieketkolf gekoop nie. Okkert is 'n beter hokkiespeler. [aangesien] [4]

**VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE**

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.



2.1 Gee die **MEERVOUD** vir die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.1.1 Na die wedstryd drink die spelers baie [glas] koeldrank.
2.1.2 Die bal val tussen al die [boom].
2.1.3 Die fotograaf neem baie [foto] van die wedstryd. [3]

2.2 Gee die **VERKLEINWOORD** vir die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.2.1 Okkert en sy klein [maat] speel krieket.
2.2.2 Die klein [bal] word in krieket gebruik.
2.2.3 Die klein [aap] sit in die boom. [3]



2.3 Vul die korrekte **VOORNAAMWOORDE** in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.3.1 Die meisie het in die stad in ..... woonstel gebly.
2.3.2 Die polisie het in die woonstel gehardloop. *[They]....* vang die dief.
2.3.3 Hy het ...stert gewaai. [3]

2.4 Vul die **VOORSETSELS** in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.4.1 Die meisie is baie lief...die Rottweiler.
2.4.2 Die hele gesin gaan ...vakansie.
2.4.3 Hulle loop...voet in die parkie. [3]

2.5 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woorde in hakies. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.5.1 Die meisie se [tannie] het haar gebel.
2.5.2 My [onderwyser] het die storie vir ons gelees.
2.5.3 Die Rottweiler is ‘n [heldin]. [3]

2.6 Vul die korrekte **DIEREGELUIDE** in die oop spasies in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.6.1 Die bye...in die tuin.
2.6.2 Die hond...vir die dief.
2.6.3 Die duif...in die bome.
2.6.4 In die parkie kan jy ‘n haan hoor... [4]

**TOTAAL VIR AFDELING B: 40 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 60 PUNTE**

**KLEUR DIE PRENT IN AS JY KLAAR IS.**

